DISSIPELSKAP. LES 7

1	GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels toe aan die Here.

2	AANBIDDING (20 minute) *[KENMERK VAN GOD]* GOD IS HEILIG

Definisie. Wat is "aanbidding"? Die definisie van "aanbidding" is:

- *'n ingesteldheid* van ontsag, verering, onderwerping en toewyding aan God,
- *uitgedruk* in verskeie soorte gebede en die lewenswyse van elke dag.

Om God te kan aanbid, moet ons eers weet wie God is. Tydens elke aanbiddingsgeleentheid leer ons een van die karaktereienskappe van die God van die Bybel.
(***Groepleier.*** Lees die onderrig oor 'God is heilig' aan die dissipelgroep voor).

Tema. GOD IS HEILIG

Lees Eksodus 34:6-7; Jesaja 1:15-17; Jesaja 6:1-8.

1. Die betekenis van die woord 'heilig'.

Die woord 'heilig' sluit twee aspekte in:

- om te *skei* van dit wat verkeerd en sleg en wêrelds is.
- en om *toe te wy aan* wat reg en goed en goddelik is.

'Heilig' beteken 'volmaak van karakter en gedrag'. Karakter en optrede is nie net heilig as hulle geskei is van wat verkeerd en sleg en wêrelds is nie, maar ook as hulle toegewy is aan wat goed en reg en goddelik is. Die eerste aspek sonder die tweede aspek is nog nie perfek nie! *Volmaaktheid van karakter en optrede* moet beide aspekte van 'geskei' en 'toegewy' insluit! Vroeër het Christene hulleself teruggetrek uit die maatskappy, omdat hulle 'heilig' wou lewe. Die bedoeling van God is egter dat Christene heilig lewe te midde van ander mense in die maatskappy!

2. Heiligheid en God.

God is heilig. Hy is volmaak in karakter en optrede. Aan die eenkant, *haat* Hy baie onheiligheid en Hy haat ook 'n bietjie onheiligheid.

Aan die ander kant is God *toegewy aan* al sy goddelike eienskappe. Hy is toegewy aan wat absoluut reg, goed en goddelik is. Dit beteken Hy is perfek in geregtigheid en sal voortdurend dinge voorstel wat reg, goed en goddelik is. Hy is toegewy aan wat regverdig en eerlik is. Dit beteken Hy is volmaak in regverdigheid. Hy sal onregverdigheid straf en regverdigheid beloon. Daar is absoluut geen korrupsie in God nie. Hy is toegewy aan wat liefde is en wat liefde bevorder. Dit beteken Hy is volmaak in sy liefde en al sy woorde en handelinge word deur liefde gemotiveer. Hy is toegewy daaraan om sy wonderlike plan met die wêreld en die heelal deur te voer. Hy is volmaak in die deurvoering van sy wil. Die engele in die hemel wat God se karakter en optrede sien, prys sy heiligheid en sê: "Heilig! Heilig! Heilig is die Here God die Almagtige!"

3. Heiligheid en gemeenskap.

Toe Jesaja in die teenwoordigheid van die heilige God kom, word hy op 'n besondere wyse *bewus van sy eie onheiligheid.* Hy roep uit, "Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is!" *Die heilige God kan nie en wil nie gemeenskap hê met onheilige mense nie!*

Tog begeer die heilige God gemeenskap met mense! Die enigste ding wat gemeenskap met God moontlik maak is as die onheiligheid van die mens verwyder word. Die mens kan nie sy eie onheiligheid verwyder nie. Net God kan sy onheiligheid verwyder. God verwyder Jesaja se onheiligheid deur versoening te doen vir sy sondes. Die handeling wat versoening bewerkstellig word simbolies voorgestel deur met 'n gloeiende kool van die hemelse altaar Jesaja se onreinheid aan te raak. 'Versoening' in die Bybel beteken:

- om die straf vir sondes te betaal en sodoende God se heilige en regverdige toorn oor sonde *tot bedaring te bring*
- die sonde *weg te neem*
- en die oortreder met God *te versoen.*

Omdat Jesaja se sonde versoen is, kan hy sonder vrees in die teenwoordigheid van die Lewende God staan en gemeenskap met God hê. As óns begeer om gemeenskap met die heilige God te hê, moet ons op dieselfde manier God toelaat om ook versoening te doen vir ons sondes.

4. Heiligheid en diens.

God het onheilige mense soos die Farao, Nebukadnesar en Kores gebruik om sy planne in die geskiedenis te laat werk. Maar *die heilige God sal nie 'n onheilige persoon in sy geestelike diens gebruik nie!* 'n Onheilige profeet kan nie die heilige God voor die mense verteenwoordig nie! Maar nou dat God versoening bewerkstellig het vir Jesaja se sondes, wil en kán God Jesaja as profeet in sy diens gebruik. Hy stuur die profeet Jesaja met sy boodskap uit na sy volk. Net so moet ons God ook toelaat om versoening te bewerkstellig vir ons sondes, as ons graag die Lewende God wil dien.

Aanbidding.
Laat elkeen in die groep met een of twee sinne God as die heilige God aanbid.

3	DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* MATTEUS 22:1 – 25:13

Maak beurte en ***deel kortliks*** (***of lees*** van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes (Matteus 22:1 – 25:13). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

4	ONDERRIG (70 minute) *[GEBED]* GEBED IS OM TE REAGEER OP DIE WOORD VAN GOD

A. WAT IS GEBED?

1. Gebed is 'n tweerigting gesprek met God.

(1) Wat is die verskil tussen die volgende twee tekeninge?



Notas.

Hierdie is 'n ***eenrigting*** gesprek. Jy reageer NIE in die gebed op wat God (in die Bybel) vir jou sê nie.	Hierdie is 'n ***tweerigting*** gesprek. Jy reageer in gebed op wat God (in die Bybel) vir jou sê.

(2) Hoe dikwels het God en Abraham in hierdie een gebed met mekaar gepraat?

Lees Genesis 18:17-33.

Notas. In hierdie een gebed praat God 7 keer en Abraham 6 keer. Hierdie gebed toon aan dat gebed 'n *gesprek* is tussen God en die mens, waarin hulle altwee om die beurt met mekaar praat.

(3) Wie mag die twee-rigting gesprek begin?

Lees Psalm 5:4.

Notas. Of God óf jy kan die twee-rigting gesprek begin. In Genesis 18 openbaar God eers aan Abraham wat Hy met die twee goddelose stede Sodom en Gomorra gaan doen. Dan reageer Abraham deur vir die regverdiges in die stede te pleit. In Psalm 5:4 bid Dawid eers tot God, en dan wag hy vir God om te reageer op sy gebed.

Genesis 18



Psalm 5:4

Samevattend: Gebed is ***'n twee-rigting gesprek*** tussen jou en God, en enigeen kan dit begin.

2. Gebed is om op verskillende maniere te reageer op God se Woord en dade.

Wat sê of doen God?
En hoe reageer mense?

Lees die Bybelgedeeltes hieronder.
Notas.

GOD PRAAT OF HANDEL	ONS REAGEER IN GEBED
(1) Psalm 33:1-4. God se Woord is reg en waar. God se dade is betroubaar.	(1) Prys God deur gebed, musiek en sang.
(2) Psalm 51:1-7,12-14. God se Woord deur die profeet Natan veroordeel sonde.	(2) Bely sonde voor God en vra vergifnis en reiniging.
(3) Psalm 119:33-37. God spreek sy woorde in sy wet, bevele, insettinge en beloftes.	(3) Vra God vir die regte begrip, rigting in die lewe en hulp om weg te draai van sonde na God toe.
(4) Genesis 18:17, 20-26. God wys die behoeftes van ander mense uit.	(4) Tree in by God om ander se nood te verlig.
(5) Psalm 107:4-15. God red uit benoudheid.	(5) Dank God vir sy troue liefde en wonderdade

0

Samevatting:
Gebed is 'n antwoord op God se woorde en dade in 5 verskillende vorms.
Gebed is 'n antwoord van lof, belydenis, smeking (vra), voorbidding en dank.

3. Gebed mag verskillende fokusse hê.

Op wie fokus die volgende drie gebede?

Lees die onderstaande Bybelgedeeltes.
Notas.

Psalm 77:7-14, 19. Hierdie gebed fokus op GOD, op sy karakter, woorde en dade. **Kolossense 1:9-12.** Hierdie gebed fokus op ANDERE, op hulle behoeftes en belange. **Psalm 31:2-5.** Hierdie gebed fokus op JOUSELF, op jou persoonlike behoeftes en belange.	

Samevatting:
Gebed kan fokus op God, sy karakter, woorde en dade.
Gebed kan fokus op ander mense, hulle behoeftes en belange.
Gebed kan fokus op jou, jou eie behoeftes en belange.

B. INGESTELDHEDE EN GEBED

Ontdek en bespreek. Watter ingesteldhede (houdings) is baie belangrik as jy bid?

1. Nederigheid is die ingesteldheid teenoor hoogmoedige gedagtes.

Lees Spreuke 3:5-6; 1 Johannes 5:14.
Notas. Onderwerp jou verstand (gedagtes, motiewe) aan God.
God weerstaan die hoogmoediges wat dink hulle weet alles (1 Petrus 5:5-6).

2. 'n Vergewingsgesinde gees is die ingesteldheid teenoor kwaaddoeners.

Lees Markus 11:25.
Notas. Vergewe die wat verkeerd teen jou opgetree het. Moenie kwaad word of wraaksugtig wees nie.
As jy hóm nie vergewe nie, sal God jou ook nie vergewe nie (Matteus 6:14-15, Psalm 66:18).

3. Opregtheid is die ingesteldheid teenoor 'n vertoning van vroomheid.

Lees Matteus 6:5-8.
Notas. Weerstaan die versoeking om mense met jou (mooi en lang) gebede te beïndruk.
As jy daarvan hou om gehoor en gesien te word as jy bid, sal jy geen beloning van God kry nie.

C. PRAKTIES. VERSKILLENDE VORMS VAN GEBED AS ANTWOORD OP GOD SE WOORD

1. Gebed as 'n antwoord op God se Woord in jou stiltetyd.

Onderrig. Nadat jy gemediteer het oor jou gunsteling waarheid, bid jou gunsteling waarheid as 'n antwoord terug vir God. Bid jou gunsteling waarheid

- vir jouself
- vir iemand in jou familie
- vir iemand naby
- en vir iemand ver.
- As jy saam met 'n vriend bid, kan julle jul gunsteling waarheid ook vir mekaar bid.

2. Gebed as 'n antwoord op God se Woord in jou Bybelstudie.

Onderrig. Nadat jy 'n gedeelte in die Bybel bestudeer het, bid die belangrike waarhede wat God jou geleer het as 'n antwoord terug vir God. Bid spesiaal oor hoe God wil hê dat jy die waarheid van hierdie Skrifgedeelte in jou lewe moet toepas.

3. Gebed as 'n antwoord op God se Woord in jou lees van die Bybel.

Onderrig. Ná jy 'n Skrifgedeelte gelees het en die betekenis daarvan verstaan het, bid dan die waarhede van elke vers, vers vir vers, as 'n antwoord terug vir God. Dit word 'Skrifgebed' genoem.

5	GEBED (8 minute) *[REAKSIE]* BID IN ANTWOORD OP DIE WOORD VAN GOD

- ***Verdeel*** die groep in klein groepies van drie elk.
- Maak beurte om een of twee verse te ***lees*** uit Psalm 34:1-21
- en ***bid onmiddellik*** 'n kort gebed in antwoord op daardie gelese verse voor die volgende persoon lees en bid.

6	VOORBEREIDING (2 minute) *[OPDRAGTE]* VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer of bestudeer die studie oor gebed as 'n antwoord op die Woord van God.
2. Persoonlike tyd met God. Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Matteus 25:14 - 28:20. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (5) Efesiërs 4:17 - 5:17. Tema: Hoekom is ek hier? Maak gebruik van die vyf stappe metode. Maak aantekeninge.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien uit met verwagting na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas (aantekeninge) op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, stiltetye en gebed as antwoord op die Woord van God.